Hoërskool Die Wilgers
DIEP GEWORTEL

Posbus 72648, Lynnwoodrif, Pretoria, 0040
Frankweg 8, Die Wilgers, 0041 • 012 807 5229/30/31
hswilgers@hswilgers.co.za • www.hswilgers.co.za

Geagte Wilgers-vennoot

Graag nooi ons u uit om u besigheid of diens by ons skool te adverteer. Hiermee al die geleenthede beskikbaar. Kontak ons gerus indien u sou belangstel.

ADVERTENSIEKOSTES EN GELEENTHEDE

Adverteer in 'Die Veldbrand' (maandelikse nuusbrief)

'Die Veldbrand' word elke maand per e-pos aan ons ouers, oud-leerlinge en strategiese kontakte gestuur. Die uitgawes word op ons webblad en "d6 connect" toep asook sosiale media gelaai. A5-horisontaal digitale advertensie: R150 en 'n A4 digitale advertensie: R300 (vir een uitgawe). Inligting en advertensiemateriaal moet asseblief nie later as die tweede laaste Donderdag van 'n maand gestuur word nie. Kontak ons gerus indien u ad hoc pakkette met ons wil bespreek. Lees Die Veldbrand hier.

Advertensieborde

Kontak graag Annalien Venter by bemarking@hswilgers.co.za om 'n advertensiebord teen die palisade van Frankstraat te plaas. Daar is ook geleentheid vir advertering op die skoolgronde en dit kan met bemarking bespreek bespreek word.

Advertensie op die webwerf

Daar is slegs drie spasies beskikbaar vir advertering op die webblad. 'n Eenmalige advertensie op die webwerf se koste beloop R300 per maand. Die digitale advertensie se spesifikasies is soos volg: 72dpi, 190 mm x 105 mm (jpeg formaat).

Sosiale Media Bemarking

Elke Woensdag is “Wilgers-Waarde-Woensdag”. U advertensie sal dan op hierdie Woensdag op ons Facebook en Instagram-profiele geplaas word soos bespreek. Kontak ons gerus vir meer navrae, of hou ons sosiale media vir meer inligting dop. Die koste beloop R300 per maand (elke Woensdag per maand) of R2 500 vir 10 maande (volgens die skoolkalender). U kan ook ‘n enkele maand bespreking doen teen R200 per maand vir vier advertensies (plasings).

Facebook • Instagram • LinkedIn

Plasing in die skoolkoerantjie, ‘Deurie Blare’

Ons skoolkoerant vir 2022 word digitaal vrygestel. Dit word aan elke ouer versprei en dit word op ons webblad gelaai.

Advertensie in ons jaarblad

Ons jaarblad word te koop aangebied aan leerders. Dit word ook aan strategiese vennote versprei. Die kostes is R4000 per A4 advertensie en R2500 per A5 (landscape).

Pamflette of Brosjures

A5 pamflette (deur adverteerder self verskaf, reeds in 19x pakkies van 30 verpak) beloop R750 vir die hele skool en R150 per graadgroep. Die pamflette of brosjures word tydens registerperiode uitgedeel.

Plakkate vir Kennisgewingsborde

Daar is vier kennisgewingsborde waarop plakkate geplaas kan word. Koste beloop R300 per plakkaat per maand. Die grootte van die plakkaat is A1.

WILGERBOS KOSHUIS

Ons koshuis huisves seuns en dogters. Indien u sou wou betrokke raak by spesifieke behoeftes by hierdie diens en fasiliteit kontak asseblief me. Ilza Louw by louwi@hseldo.co.za.

Adhoc geleenthede en welwillendheid

U is welkom om ons te kontak vir gespesifiseerde dienste of advertering by ons skool. Ons tree graag in venootskap met u om ‘n verskil in ons leerders se lewens te maak. Ons kan ‘n Artikel 18A-sertifikaat aan uitreik.

Betalingsbesonderhede

Bank: ABSA
Rekening: 1630390199
Tak: 333845
Verwysing: ‘Naam’, ‘Advertensies’

Om te adverteer of vir meer inligting, stuur graag ‘n epos na bemarking@hswilgers.co.za

Me. Ilza Louw
SKOOLHOOF

Me. Annalien Venter
BEMARKING